Saam-praat-papier 14 Oktober 2012


# God van Storms
## *Handelinge 27:13-44*

*Die storm op see*

13 ’n Ligte bries het uit die suide begin waai, en die manne het gedink dat hulle hulle plan sou
kon uitvoer. Die anker is gelig, en hulle het so na moontlik aan die kus van Kreta gevaar. 14 Maar
dit was nie lank nie toe waai daar ’n stormwind van die land af, die Noordoos, genoem die
Eurakilon. 15 Die wind het die skip meegesleur. Omdat dit onmoontlik was om die skip se boeg
wind op te hou, het ons dit opgegee en wind af gedrywe. 16 Ons het ’n bietjie beskutting gevind toe
ons onderkant die eilandjie Kauda langs kom. Daar kon ons darem met moeite die bootjie van die
skip in veiligheid bring. 17 Nadat die matrose die bootjie opgehaal het, het hulle as noodmaatreël ’n
paar toue styf onder om die skip vasgemaak. Omdat hulle bang was dat die skip op die sandbanke
van die Sirtis verpletter sou word, het hulle die dryfanker laat sak en die skip sommerso laat
drywe.

18 Omdat ons baie swaar gekry het in die storm, het hulle die volgende dag die skip se vrag
oorboord begin gooi. 19 Die dag daarna het hulle eiehandig ook die skip se toerusting in die see
gegooi. 20 Dae lank was die son en die sterre nie te sien nie en het die geweldige wind
voortgewoed. Uiteindelik het ons alle hoop laat vaar om gered te word.

21 Nadat hulle ’n lang tyd nie meer geëet het nie, het Paulus tussen hulle gaan staan en gesê:
“Manne, julle moes na my geluister het en nie van Kreta af weggevaar het nie. Dan sou ons hierdie
ramp en skade vrygespring het. 22 Maar selfs in hierdie omstandighede vra ek julle: Hou moed!
Niemand van julle sal sy lewe verloor nie. Net die skip sal vergaan. 23 Verlede nag het daar ’n
engel aan my verskyn van die God aan wie ek behoort en wat ek dien. 24 Die engel het vir my gesê:
‘Moenie bang wees nie, Paulus. Jy moet nog voor die keiser verskyn. En ter wille van jou spaar
God in sy goedheid die lewe van almal wat hier saam met jou op die skip is.’ 25 Daarom, hou moed,
manne! Ek vertrou op God dat alles net so sal gebeur soos Hy vir my gesê het. 26 Dit is so bestem
dat ons êrens op ’n eiland moet strand.”



- **Ons is almal op die lewensee op reis**
- **Storms is deel van elkeen se lewensreis**
- **In storms is God op spesiale manier aan die werk**

**In storms:**
**1 Gee God die regte mense op ons pad**
**2 Laat God ons ontslae raak van onnodige bagasie**
**3 Maak God van ons agente van hoop**
**4 Is die grootste gevaar om God te wil verlaat**
**5 Bewys God dat ons Hom kan vertrou**

***Vrae:***

*1 Wat in hierdie gedeelte het jou die meeste getref ?*
*2 Watter werking van God het jy in storms die kragtigste ervaar ?*
*3 Deel met mekaar iets oor ’n storm wat jy onlangs beleef het.*
*4 Hoe kan ons mekaar en ander bemoedig in stormtye ?*